education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VERBRUIKERSTUDIES

# EKSAMENRIGLYNE

# GRAAD 12
# 2009

**Hierdie riglyn bestaan uit 5 bladsye.**

## DOEL VAN DIE EKSAMENRIGLYNE

Om onderwysers en leerders te help om voor te berei vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) eksamen in Verbruikerstudies

Hierdie riglyne moet gebruik word saam met die volgende dokumente:

1. Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)
2. Die raamwerk vir die vakinhoud ("Content Framework") in die Leerprogramriglyne (LPG) gedateer Januarie 2008
3. Die Vakassesseringriglyne (SAG) gedateer Januarie 2008

## FORMAAT VAN DIE VERBRUIKERSTUDIES-VRAESTEL

1. Die Verbruikerstudies-eksamen bestaan uit een 3-uur-vraestel van 200 punte.
2. Daar is vyf VERPLIGTE afdelings wat al die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde insluit.
3. Gevallestudies en scenarios kan gebruik word waar van toepassing

| INHOUD | | PUNTE |
|---|---|---|
| AFDELING A | Kortvrae<br>(Dek al die Assesseringstandaarde) | 40 |
| AFDELING B | Voedsel en Voeding | 40 |
| AFDELING C | Kleding | 40 |
| AFDELING D | Behuising en huishoudelike toerusting | 40 |
| AFDELING E | Teorie van die praktiese opsies:<br>Voedsel, kleding of sagte meublement | 40 |
| | **TOTAAL** | **200** |

## KOGNITIEWE VLAKKE

Die vraestel maak voorsiening vir 'n reeks kognitiewe vlakke en vermoëns van leerders. Die volgende riglyn in die Vakassesseringsriglyndokument (SAG), gedateer Januarie 2009, word gebruik om vrae op te stel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | % | PUNTE |
|---|---|---|
| Kennis | 30 | 60 |
| Begrip | 20 | 40 |
| Toepassing | 30 | 60 |
| Analise, Sintese, Evaluering | 20 | 40 |

In vrae waar begrip van verbruikers-situasies getoets word, bv. gevallestudies of nuusbrokkies uit koerante of tydskrifte, sal die volgende in aanmerking geneem word:

- 30% van elke afdeling se vrae toets kennis – dit kan direk uit die gevallestudie of nuusberig kom, of as toepassing van kennis wat verband hou met die situasie.
- 20% begripsvrae sal gebaseer wees op die inhoud van die gevallestudie of uittreksel.
- 30% toepassingsvrae – waar leerders die scenario as verwysing moet gebruik, en eie gevolgtrekkings moet maak.
- 20% sal vrae op 'n hoë kognitiewe vlak wees, waar evalueringsvaardighede van leerders verwag sal word. Hierdie tipe vrae vereis 'n in-diepte begrip van die vakinhoud, waar gevolgtrekkings, aanbevelings en voorstelle in die antwoorde verwag kan word.

## VOORBEREIDING VIR DIE VRAESTEL

Dit is uiters belangrik dat die basis vir hierdie vraestel reeds vanaf Graad 10 gelê word. As gevolg van die progressie van die Leeruitkomste van Graad 10 tot 12, moet agtergrondkennis van Graad 10 en 11 in Graad 12 geassesseer word.

### Op die dag van die eksamen

1. Leerders moet ten minste 20 minute voor die aanvang van die eksamen in die eksamenlokaal wees om hulleself in te rig en om gebruik te maak van die beskikbare tyd vir die deurlees van die vraestel. Leerders moet ‘n **sakrekenaar** en al die nodige skryfbehoeftes saam te bring.
2. Dit is belangrik dat leerders geleer word om hulle tyd goed te bestuur sodat hulle die hele vraestel kan voltooi.
3. Leerders moet aangemoedig word om die vraestel deeglik deur te lees voordat hulle begin skryf.
4. ‘n Netjiese, leesbare handskrif is noodsaaklik. Baie leerders benadeel hulleself deur so onnet te skryf dat merkers nie kan ontsyfer wat geskryf is nie.
5. Leerders moet aangemoedig word om genoeg tyd aan die einde van die skryfsessie te laat om hulle antwoorde weer deur te lees. Regmaak van swak gestelde antwoorde, spelfoute en verkeerde bewerkings kan ‘n groot verskil aan die punte maak.

## WAT OM VAN DIE VRAESTEL TE VERWAG

**A. Meervoudigekeuse-vrae** **40 punte**

1. Hierdie afdeling dek 'n verskeidenheid objektiewe vrae op verskillende kognitiewe vlakke.
2. Geen ‘vul in die ontbrekende woord’ of ‘waar of vals’-vrae word gevra nie.
3. Pasitems (Kolom A/Kolom B), kies die regte woord uit die gegewe opsies, gee die regte term, kan ingesluit word.
4. Al die Leeruitkomste word gedek. Vir LU4 word sleg generiese aspekte van toepassing op al die praktiese opsies gevra, bv. kosteberekenings. Vakkennis van ‘n spesifieke praktiese opsie word in die PAT gedek.
5. Vakterminologie kan in hierdie afdeling gevra word.

**B. Voedsel en voeding** **40 punte**

1. Vrae in hierdie afdeling kom uit LU 2 en LU 3. Toepaslike aspekte van LU 1 kan ook ingesluit word.
2. Die vereiste vakkennis word uiteengesit in die vakraamwerk vir Verbruikerstudies in die LPG gedateer Januarie 2008. Handboeke kan moontlik nie alle aspekte soos uiteengesit in die vakraamwerk dek nie.
3. Die inhoud kom uit Assesseringstandaarde 12.2.1, 12.2.7, 12.3.1. Integrasie met 12.1.1 en 12.1.2 is moontlik. Vrae in verband met 12.2.7 en 12.3.1 kan aan gevallestudies gekoppel word.
4. Vrae oor die voorkoming en beheer van dieetsiektes en kondisies wat verband hou met verkeerde voeding, soos gelys in die vakraamwerk, kan die volgende insluit: ‘n kort beskrywing van die toestand, voeding en eetgewoontes vir die voorkoming van die toestand, asook vir die beheer van ‘n bestaande toestand. Mediese behandeling vir hierdie toestande is nie deel van die vereiste vakkennis nie.

5. Kennis van die volgende aspekte van die Glukemiese Indeks van voedselsoorte word vereis: Definisie, voordele, verskille tussen Hoë GI- en Lae GI-voedselsoorte, hoe om oor te skakel na 'n lae GI-dieet wat nog steeds gebalanseerd is, vals / misleidende aansprake in verband met die Glukemiese Indeks van voedselsoorte.
6. Beide die positiewe en negatiewe inpakte wat die die keuse en gebruik van voedsel op die natuurlike en ekonomiese omgewing kan hê, moet ondersoek word. (AS 12.3.1)
7. Ongeveer 10% van Graad 10- en 11-werk, wat direk verband hou met voedselverwante sake, kan gevra word.
8. Vakinhoud wat verband hou met voedsel en voeding moet deeglik gedek word. Ander bronne behawe handboeke kan ook gebruik word.

**C. Kleding** **40 punte**

1. Vrae in hierdie afdeling kom uit LU 2 en LU 3. Toepaslike aspekte van LU 1 kan ook ingesluit word.
2. Die vereiste vakkennis word uiteengesit in die vakraamwerk vir Verbruikerstudies in die LPG gedateer Januarie 2008. Handboeke kan moontlik nie alle aspekte soos uiteengesit in die vakraamwerk dek nie.
3. Die vrae in hierdie afdeling dek Assesseringstandaarde 12.2.2, 12.2.3 en 12.3.2. Sommige vrae mag relevante vakinhoud van Graad 11 toets.
4. Huidige modetendense sluit alle aspekte in wat verband hou met hoe jong volwassenes aantrek na openbare geleenthede, sportaktiwiteite en ander ontspanningsgeleenthede, werk toe en na kulturele feestelikhede. Faktore wat veranderings in modeneigings verhaas of vertraag, word vir vrae oorweeg.
5. Style en ontwerpe (asook visuele voorstellings) is baie belangrik in hierdie afdeling.
6. Artikels uit koerante en tydskrifte kan gebruik word as gevallestudies vir analise en toepassings vrae.
7. Onderwysers moet verseker dat sake wat verband hou met kledingaspekte deeglik gedek word. Ander bronne behawe handboeke kan ook gebruik word.

**D. Behuising en huishoudelike toerusting** **40 marks**

1. Vrae in hierdie afdeling kom uit LU 2 en LU 3. Toepaslike aspekte van LU 1 kan ook ingesluit word.
2. Die vereiste vakkennis word uiteengesit in die vakraamwerk vir Verbruikerstudies in die LPG gedateer Januarie 2008. Handboeke kan dalk nie alle aspekte soos uiteengesit in die vakraamwerk dek nie.
3. Ander bronne kan gebruik word om die nuutste vakkennis te bekom, bv. informasie van eiendomsagente, banke en ander instansies betrokke by die verkoop van huise, meubels en huishoudelike toerusting.
    a. Vergelykings tussen verskillende huishoudelike apparate kan gebruik word om die begrip van energiebesparings-strategieë in die huis te verduidelik.
    b. Evaleer huishoudelike apparaat om die geskikste een te kies.
    c. Die finansiele en kontraktuele verantwoordelikhede wanneer meubels en ander huishoudelike toerusting aangekoop word.
    d. Die regte en verantwoordelikhede van kopers en verkopers / handelaars.
4. Die verskillende tipes behuising in Suid Afrika, en 'n in-diepte begrip van die verskillende transaksies en kostes betrokke by die proses van huiskoop, is belangrik.
5. Onderwysers moet verseker dat sake wat verband hou behuising en huishoudelike toerusting deeglik gedek word. Behalwe handboeke, kan ander bronne ook gebruik word.

## E. Teorie van die praktiese opsies 40 marks

1. Vrae in hierdie afdeling kom uit LU 4, en hou verband met die teoretiese kennis wat nodig is om kwaliteit, bemarkbare produkte op klein skaal te produseer.
2. Vakinhoud uit LU 1 – 3, soos bv. belasting, mag ingesluit word.
3. Algemene begrip van die prosessse en prosedures vir die produksie van produkte van goeie kwaliteit is nodig.
4. Teoretiese kennis oor die opstel en implementering van 'n plan vir die produksie en bemarking van produkte op klein skaal is belangrik.
5. Generiese vrae wat verband hou met al drie die praktiese opsies sal gevra word.
6. Berekeninge kan die basis vorm van vrae om die volhoubare winsgewendheid van 'n onderneming te evalueer. Al die stappe van 'n berekening moet gewys word.
7. Begrip van standaardisering en gehaltebeheer in 'n onderneming of klein besigheid is belangrik.
8. Indien keusevrae gevra word, sal daar vir al drie die praktiese opsies voorsiening gemaak word.

### Algemeen

1. Relevante vakkennis van LU 1 kan in enige van die vrae ingesluit word. Integrasie met Graad 10 en 11 werk is moontlik.
2. Verbruikerklagtes:
    - Kanale wat in Suid Afrika beskikbaar is vir verbruikersklagtes
    - Hoe om klagtes aanhangig te maak.
    - Klagtes in verband met voedseletikette moet verstaan word in die konteks van die terminologie wat gebruik word vir spesiale nutriënte, en die oorbeklemtoning van die voordele en belangrikheid hiervan. Die betekenis daarvan is belangrik.
3. Tipes belasting wat deur Suid-Afrikaners betaal word: Begrip van die konsepte en die toepassing daarvan. Implikasies van belasting soos toegepas op spesifieke goedere en kommoditeite is belangrik, bv. wanneer goedere op krediet gekoop word, kredietransaksies soos afbetalings- en huurkoop transaksies.
4. Rentekoerse van toepassing op verskillende tipes krediet. Enkelvoudige en saamgestelde rente. Geen berekeninge van rente sal gevra word nie, maar dit is noodsaaklik dat leerders transaksies kan interpreteer waar die terugbetalings gebaseer is op enkelvoudige of saamgestelde rente.
5. Inflasie: Definsie, inflasie koers, verbruikersprysindeks (CPI). Die verbruikersprysindeks moet verstaan word in relasie tot prysverhogings en inflasiekoers. Koerantartikels uit die besigheidseksies sal van nut wees.
6. Sake wat die omgewing raak is belangrik dwarsdeur die vak verbruikerstudies.

Kopiereg voorbehou